Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het hom in 'n mate by die toenemende tekort op die lopende rekening aangepas. 'n Netto uitvloeiing van kapitaal van R269 miljoen (uitgesonderd veranderinge in laste verwant aan reserwes, maar met inbegrip van onaangetekende transaksies) in die eerste kwartaal is in die tweede kwartaal gevolg deur 'n netto invloeiing van R758 miljoen, bestaande uit lang- en korttermynkapitaal wat onderskeidelik R129 miljoen en R629 miljoen bedra het. 'n Netto invloeiing van langtermynkapitaal het gedurende elkeen van die afgelope vier kwartale plaasgevind en het in totaal R415 miljoen bedra, waarvan die grootste gedeelte buitelandse lenings opgeneem deur die openbare korporasies en die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie verteenwoordig het. Vanaf die begin van 1981 was daar egter ook 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor. Die invloei-


ing van korttermynkapitaal het hoofsaaklik bestaan uit 'n netto inwaartse beweging van fondse na die private sektor.

Skerp afname in buitelandse reserwes


Ondanks die netto invloeiing van kapitaal, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal skerp met R556 miljoen gedaal, wat die totale afname in die netto reserwes gedurende die tydperk van nege maande tot aan die einde van Junie 1981 op R1 417 miljoen te staan gebring het. As gevolg van 'n afname in laste verwant aan reserwes en negatiewe waardasie-aansuiwerings aan die goud- sowel as die valutareserwes, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal met 'n selfs groter bedrag afgeneem, naamlik R672 miljoen. Aan die einde van Junie het die bruto buitelandse reserwes R5 255 miljoen bedra, wat aansienlik laer was as die hoogtepunt van R6 807 miljoen aan die einde van September 1980.

Gedurende Julie en Augustus het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R199 miljoen gestyg. Die Bank se laste verwant aan reserwes het egter gedurende hierdie tydperk met R377 miljoen toegeneem as gevolg van buitelandse korttermynlenings om die valutareserwes aan te vul.

Veranderinge in netto goud- en ander buitelandse reserwes



Netto kapitaalbewegings*



* Uitsluitende veranderinge in laste verwant aan reserwes

Buitelandse valutamark

Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die tweede kwartaal van 1981 volgehou om te daal as 'n weerspieëling van die styging in die tekort op die betalingsbalans in sy geheel. 'n Afname van 2,8 persent gedurende die eerste kwartaal is deur verdere dalings van 3,9 persent gedurende die tweede kwartaal en 4,8 persent gedurende Julie gevolg. Hierdie afname van 11,1 persent gedurende die eerste sewe maande van 1981 was hoofsaaklik die gevolg van die rand se depresiasie van 21,7 persent teenoor die

VSA-dollar. Gedurende Augustus het die rand effens teenoor die VSA-dollar en die meeste ander belangrike geldeenheide van die wêreld geappresieer, wat meegebring het dat die effektiewe wisselkoers met 0,9 persent gestyg het.

Vanaf die einde van Maart tot die einde van Julie het die finansiële rand met 9,6 persent teenoor die VSA-dollar gedeprimeer, terwyl die finansiële rand-diskonto tegelykertyd van 28,2 persent tot 23,5 persent vernou het. Gedurende Augustus het die finansiële rand met 2,8 persent geappresieer, en die finansiële randdiskonto het verder tot 22,3 persent vernou, hoofsaaklik as gevolg van 'n groter vraag na finansiële rand deur buitelandse beleggers wat in 'n belegging in Suid-Afrikaanse goudmynaandele belang gestel het.

Gedurende die tweede kwartaal het die Reserwebank voortgegaan met sy beleid om sy termynvalutakoerse op so 'n wyse vas te stel dat dit die binne-landse finansiering van die handel marginaal aantrekliker as buitelandse finansiering gemaak het. Teen die einde van Julie is hierdie beleid egter in reaksie op die groter tekort op die betalingsbalans in sy geheel verander. Sedertdien is termynvalutakoerse vasgestel op vlakke wat meer gunstig vir die buitelandse finansiering van die handel is.

Geld- en bankwese

Verlangsamings van toename in monetêre totale

Die sterk monetêre uitbreiding gedurende die eerste vier maande van 1981 het gedurende die daaropvolgende drie maande aansienlik verlangsaam. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die breed gedefinieerde geldvoorraad (M2) gedurende die eerste vier maande van 1981 met nie minder nie as 53 persent, maar gedurende die tydperk Mei tot Julie met slegs 14 persent, gestyg. Die ooreenstemmende koerse van toename in die eng gedefinieerde geldvoorraad (M1) het onderskeidelik 56 persent en 12 persent bedra. Die monetêre banke se terugkoop-ooreenkomste met die private sektor met looptye in die kort- en die middeltermyn het gedurende die eerste vyf maande van 1981 gedaal, maar gedurende Junie en Julie skerp gestyg. Oornagse terugkope het egter, ná 'n aansienlike toename gedurende Junie, weer gedurende Julie gedaal. Indien hierdie terugkoop-ooreenkomste by die geldvoorraad ingesluit word, op grond daarvan dat hulle goeie plaasvervangers vir geld is, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename in M2 en M1 gedurende die eerste vier maande van 1981 onderskeidelik 40 persent en 34 persent en gedurende die tydperk van drie maande vanaf Mei tot Julie onderskeidelik 21 persent en 7 persent bedra.

Oorsake van verandering in M2

Net soos gedurende die eerste vier maande van 1981, was die belangrikste statistiese "oorsaak" vir die toename in M2 gedurende die drie maande Mei tot Julie 'n sterk uitbreiding van die monetêre banksektor se eise teen die private sektor. Daarbenewens het die netto bankkrediet aan die regeringsektor effens toegeneem. Aan die ander kant is negatiewe bydraes tot die groei in die geldvoorraad gedurende die tydperk Mei tot Julie gemaak deur 'n aansienlike verdere


Oorsake van verandering in M2*

Seisoensinvloed uitgeskakel
R miljoene

	1981	
	Januarie tot April	Mei tot Julie
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-776	-1 177
Netto eise teen die regeringsektor	185	88
Eise teen die private sektor	2 467	1 682
Langtermyndeposito's van die private sektor (toename -, afname +)	-219	-27
Totaal	2 423	612

* Gebaseer op 'n gekonsolideerde balansstaat van die monetêre banksektor.

Geldhoeveelheid



daling in die monetêre banksektor se netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n klein toename in die langtermyn deposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings.

Laer koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Kredietverlening van die monetêre banksektor aan die private sektor het gedurende die tydperk Mei tot Julie teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 42 persent toegeneem, in vergelyking met 'n toename van 53 persent gedurende die eerste vier maande van 1981. Die laer koers van toename was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n verlangsaam van die proses van herintermediasie van krediet wat voorheen buite die bankstelsel verleen is, die lae vlak van die besit aan oorskot likwiede bates deur bankinstellings, en die uitwerking van hoër rentekoerse op die vraag na bankkrediet. Tot die verdere verhoging van die Bankkoers laat in Julie is die matiger bankkredietverlening egter teengewerk deur die sogenaamde heen-entertugbeweging van fondse, dit wil sê die praktyk om fondse deur middel van 'n bankoortrekking op te

neem en dan weer teen hoër koerse, meesal in bank-deposito's en verhandelbare depositosertifikate, te belê.

'n Ontleding van die styging in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor (onaange-suiwer vir seisoensveranderings) gedurende die tyd-perk Mei tot Julie toon toenames van R238 miljoen in die belegging in effekte van die private sektor, R514 miljoen in die kaskredietvoorskotte deur die Landbank en R982 miljoen in die diskonteringe, lenings en voorskotte van handels-, aksep- en mone-têre algemene banke. Die ooreenstemmende veran-derings gedurende die eerste vier maande van 1981 het onderskeidelik 'n toename van R148 miljoen, 'n afname van R2 miljoen en 'n toename van R2 218 miljoen bedra. Die skerp toename in die Landbank se kaskredietvoorskotte gedurende die tydperk Mei tot Julie weerspieël die finansiering van 'n gedeelte van die rekord someroeste. Gedurende dieselfde tydperk het die diskonteringe, lenings en voorskotte van handels-, aksep- en monetêre algemene banke met 'n aansienlike kleiner maandelikse gemiddelde bedrag as gedurende die eerste vier maande van 1981 toege-neem vanweë 'n werklike daling in wissels verdiskon-teer, 'n effens kleiner toename in huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering en 'n aansienlike laer toename in ander lenings en voorskotte. Die gemiddelde maandelikse toename in lenings en voorskotte, uitsluitende huurkoopkrediet en bruikhuurfinansie-ring, het byvoorbeeld gedurende die tydperk van drie maande tot Julie R183 miljoen bedra, teenoor R365 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1981.

Lae vlak van banklikwiditeit

Banklikwiditeit, in die vorm van die besit aan oorskot likwiede bates, het gedurende die tweede kwartaal en Julie op 'n lae vlak gebly. Banklikwiditeit is nadelig beïnvloed deur 'n skerp styging in die banke se vereiste besit aan likwiede bates voortspruitende uit hul grootskaalse skepping van verpligtinge deur kredietverlening. Ondanks 'n skerp afname in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reserwes het die banke se werklike besit aan likwiede bates volgehou om aansienlik te styg. Belangrike bydraes tot die uitbreiding van die banke se likwidi-teitsbasis is deur die netto bankkrediet aan die regeringsektor en die likwiede-bate-skeppende netto bankkrediet, hoofsaaklik belegging in likwiede bankaksepte, aan die private sektor gemaak. Die verhouding van oorskot likwiede bates tot die banke se verpligtings teenoor die publiek het van 2,1 persent aan die einde van Maart 1981 tot 2,0 persent aan die einde van Junie gedaal, voordat dit weer tot 2,1 persent aan die einde van Julie gestyg het.


Geldmark

Die geldmarktoestand het vroeg in Mei aansienlik vernou en in die daaropvolgende tydperk tot die middel van Augustus betreklik stram gebly. Tydelike lenings in die buiteland deur die banke het voorkom

dat die mark oor die maandeindes van Junie en Julie oormatig vernou het. Vanaf die middel van Augustus het die mark effens verruim en die tekort aan fondse in die mark oor die Augustus-maandeinde, hoofsaaklik as gevolg van die beweging van belastingfondse na die Regering, was baie kleiner as wat verwag is. Hierdie betreklike ruimheid van die mark oor die maandeinde is ten eerste meegebring deur 'n invloed van buitelandse korttermynfondse nadat die termynvalutakoerse van die Reserwebank begin het om die buitelandse finansiering van die handel aan te moedig. Ten tweede het die banke weer op korttermyn in die buiteland geleen met die doel om aan die einde van die maand aan hul likwiede batevereistes te voldoen. Vroeg in September het die mark egter weer aansienlik vernou nadat 'n deel van die buitelandse korttermynlenings terugbetaal is.

In ooreenstemming met die vernouing van die geldmarktoestand in Mei, is akkommodasie oor die maandeinde van Mei deur die Reserwebank aan die diskontohuise verleen. Die gebruikelike akkommodasie oor die maandeinde was in Junie taamlik klein vanweë die banke se tydelike buitelandse lenings. In teenstelling hiermee, is 'n groot tekort aan fondse oor die Julie-maandeinde ondervind en het akkommodasie aan die diskontohuise op 30 Julie R522 miljoen en aan die einde van die maand R307 miljoen bedra. Hierdie akkommodasie is egter op 12 Augustus ten volle terugbetaal. Oor die maandeinde van Augustus is die diskontohuise met die betreklike klein bedrag van R278 miljoen geakkommodeer, maar hierdie bedrag het op 3 September tot R575 miljoen toegeneem.

Korttermynrentekoerse



Daggeldlenings aan die diskontohuise, wat op 27 Maart 'n hoogtepunt van R1 306 miljoen bereik het, het tot aan die einde van Junie op 'n hoër vlak gebly. Daarna het hulle tot R948 miljoen op 9 Julie gedaal as gevolg van die terugbetaling van buitelandse korttermynlenings deur die banke. Gedurende die res van Julie en vroeg in Augustus het hierdie lenings op die laer vlak gebly maar ná 7 Augustus tot 'n hoër vlak teruggekeer en aan die einde van die maand R1 106 miljoen bedra voordat hulle tot R892 miljoen op 3 September gedaal het. Die banke se vrye saldo's by die Nasionale Finansiële Korporasie het oor die algemeen gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande op 'n lae vlak gebly. By twee geleenthede is hierdie saldo's opgebou, naamlik voor die uitgifte van nuwe staatseffekte op 15 Mei en voor die belastingbetalingspiek aan die einde van Augustus. Oor die maandeinde van Augustus was hierdie saldo's feitlik uitgeput.

Geldmarkrentekoerse het vanaf vroeg in Mei tot aan die einde van Julie skerp toegeneem, maar gedurende Augustus betreklik stabiel gebly of selfs effens gedaal. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 10,0 persent op 1 Mei tot 15,5 persent op 24 Julie gestyg, voordat dit tot 13,50 persent op 11 September gedaal het. Net so het die skatkisswellskoers van 7,80 persent op 1 Mei tot 11,25 persent op 24 Julie toegeneem, maar het daarna effens verder tot 11,28 persent op 11 September gestyg.

Die Reserwebank het die Bankkoers in die tweede kwartaal in twee stappe van 8,0 tot 10,5 persent en op 21 Julie verder tot 12,5 persent verhoog. In reaksie op hierdie veranderinge, en meer algemeen die sterk vraag na bankkrediet, is die prima oortrekkingskoers van die handelsbanke van 11,5 persent aan die einde van Maart tot 16,0 persent in Julie verhoog.

Opemarkbedrywighede

Gedurende die tydperk vanaf April tot Augustus was die opemarkbedrywighede van die Reserwebank gerig op die ondersteuning van die algemene beleidsoogmerk van monetêre beleid om die groeikoers van die geldvoorraad te beteuel. Bedrywighede gedurende hierdie tydperk het hoofsaaklik bestaan uit die verkoop van langtermynstaatseffekte, wat op 'n netto basis R391 miljoen bedra het. Vanaf 21 Augustus het die Bank ook transaksies aangegaan wat gerig was op die herfinansiering van die staatskuld wat later in 1981 die vervaldatum sal bereik. Tot aan die einde van Augustus het die aankope van staatseffekte wat op 1 Oktober en 1 Desember verval R156 miljoen bedra, terwyl die gelyktydige verkope van nuwe staatseffekte met 'n looptyd van twee jaar, wat op aanvraag aan die Reserwebank uitgereik word, R197 miljoen beloop het.

Staatsfinansies

Skatkisontvangste en -uitreikings

Die ontvangste op die Skatkisrekening* gedurende die tweede kwartaal van 1981, dit wil sê die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1981/82, het R2 765 miljoen bedra, of ongeveer 14 persent meer as in die ooreenstemmende tydperk van 1980. Hierdie koers van toename was aansienlik laer as die 35 persent wat in die fiskale jaar 1980/81 in sy geheel aangeteken is. Inkomste-invorderings vanaf die goudmynmaatskappye het, in vergelyking met die tweede kwartaal van 1980, in werklikheid gedaal gedurende die tweede kwartaal van 1981, terwyl inkomste-belastingontvangste vanaf maatskappye, uitsluitende goudmyne, teen 'n betreklik lae koers gestyg het. Ontvangste van persoonlike inkomstebelasting en indirekte belastingen het egter steeds teen 'n hoër koers toegeneem. Inkomste-invorderings vanaf die goudmynmaatskappye het gedurende die tweede kwartaal die invloed van die afname in die goudprys en die styging in produksiekoste op goudmynwinste begin toon. Die uitwerking van die laer goudprys is egter

versag deur die skerp depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar en die gevolglike kleiner daling in die randprys van goud. Inkomstebelastingontvangste vanaf maatskappye, uitsluitende goudmyne, is klaarblyklik nadelig beïnvloed deur 'n agterstand in die verwerking van belastingopgawes deur die ontvangers van inkomste.

Uitreikings uit die aangesuiwerde Skatkisrekening het gedurende die tweede kwartaal van 1981 skerp gestyg en het dié in die ooreenstemmende kwartaal van 1980 met nie minder nie as 24 persent oorskry. Die bedrag wat gedurende die tweede kwartaal aan die staatsdepartemente beskikbaar gestel is, het R4 109 miljoen bedra.


Aansienlike tekort op Skatkisrekening

Die hoë groeikoers in die uitreikings en die verlangsaming van die toename in die inkomste, het in die tweede kwartaal 'n tekort, uitsluitende lenings, van R1 348 miljoen op die aangesuiwerde Skatkisrekening tot gevolg gehad. Effens meer as die helfte van hierdie tekort, of R681 miljoen, is deur middel van lenings by die private nie-banksektor gefinansier, waarvan 'n gedeelte die suksesvolle uitgifte van staatseffekte in Mei weerspieël het. Die Staatskuld-kommissaris het slegs R37 miljoen tot die finansiering van die tekort bygedra. Buitelandse lenings het R44 miljoen bedra en die oorblywende deel van die tekort, naamlik R586 miljoen, is gefinansier deur middel van 'n toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor. Die laasgenoemde bedrag het 'n afname van R213 miljoen in die kontantsaldo's op die Skatkis- en die Betaalmeestergeneraalrekening en die aanwending van R284 miljoen van die beskikbare fondse in die Stabilisasierekening ingesluit.

Die 1981/82-Begroting

Omdat die ekonomie reeds as gevolg van natuurlike ekonomiese kragte begin "afkoel" het en die Reserwebank reeds begin het om 'n streng monetêre beleid te volg, is slegs 'n matig beperkende Begroting vir 1981/82 op 12 Augustus 1981 deur die Minister van Finansies aan die Parlement voorgelê. In sy aanbieding het die Minister tot die gevolgtrekking gekom dat die huidige ekonomiese toestand 'n begrotingsbeleid van "konsolidasie en aanpassing" verg. Ten eerste sal hierdie beleid daarop gemik wees om die ekonomiese voordele wat tydens die onlangse stygende konjunkturfase in die ekonomie behaal is, te konsolideer. Ten tweede sal dit die aanpassing by die ongunstige uitwerking op die ekonomie van die stel omstandighede wat teweeggebring is deur die heersende wêreldwye resessieneigings, die abnormaal hoë rentekoerse in die Verenigde State en elders, die

Persentasieverandering* in skatkisontvangste en departementele uitreikings



* Die Skatkisrekening is aangesuiwer om veranderinge in die kontantsaldo op, en netto lenings vanaf, die Betaalmeestergeneraalrekening in aanmerking te neem en om die Stabilisasierekening te inkorporeer.

aansienlike appresiasie van die VSA-dollar en die skerp daling in die goudprys, aanhelp.

Die Minister het verklaar dat, hoewel dit wil voorkom asof die ekonomie op die punt staan om Wes-Europa in die dalende fase van die konjunktuur te volg, 'n beleid van regstreekse stimulerings van die vraag deur tekortbesteding, gefinansier deur bankkrediet, nie gevolg kan word nie. 'n Te vroeë stimulerings van die vraag terwyl die ekonomie nog teen volle kapasiteit werk, sal 'n versnelling in die koers van prysstygings tot gevolg hê. Inflasie bly steeds 'n groot probleem en die bestryding daarvan sal steeds die hoogste voorkeur geniet. Fiskale en monetêre beleid sal nie aangewend word om die ongunstige veranderinge in die eksterne omstandighede wat die ekonomie beïnvloed, ongedaan te maak nie. Gevolglik sal die betalingsbalansaanpassingsproses toegelaat word om voort te gaan en sal dit deur fiskale en monetêre beleid aangehelp word, selfs al sou dit beteken dat die vraag in 'n tydperk van stadiger ekonomiese groei beperk moet word. Regeringsbesteding kan derhalwe toegelaat word om in reële terme matig te styg in die fiskale jaar 1981/82, mits dit steeds teen 'n laer koers as die totale reële bruto binnelandse besteding toeneem. Om dieselfde redes kan die "tekort voorlenings" toegelaat word om na 'n meer normale syfer in verhouding tot die bruto binnelandse produk te styg, mits dit steeds gefinansier word sonder dat 'n netto beroep op die banksektor gedoen word.

Teen hierdie breë beleidsagtergrond, het die Begroting vir uitgawes van R15 871 miljoen in die fiskale jaar 1981/82 voorsiening gemaak, of 16,8 persent meer as in die voorafgaande fiskale jaar. Totale inkomste in 1981/82, insluitende 'n matige toename in doeane- en aksynsreg, is op R13 164 miljoen geraam, of ongeveer 1 persent minder as in die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie afname was grotendeels te wyte aan 'n verwagte daling van R1 473 miljoen in inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye. Die tekort voorlenings is op R2 707 miljoen geraam. Hierdie bedrag, tesame met leningsterugbetalings van R2 842 miljoen, sal 'n geraamde finansieringsbehoefte van R5 549 miljoen tot gevolg hê. Daar is in die vooruitsig gestel dat buitelandse en binnelandse lenings onderskeidelik R350 miljoen en R5 159 miljoen sal bedra, en dat die oorblywende bedrag van R40 miljoen deur beskikbare kontantsaldo's gefinansier sal word. In die bedrag wat binnelands geleen moet word, word voorsiening gemaak vir die herbelegging van leningsaflossings en nuwe bemarkbare effekte-uitgifte van R2 714 miljoen, 'n toename van R595 miljoen in nie-bemarkbare skuld, en lenings van R1 850 miljoen by die Staatskuldkommissaris.

As deel van die verdere strukturele hervorming van die belastingstelsel, het die Minister aangekondig dat 'n belasting op byvoordele oor die 1982/83- en die 1983/84-belastingjaar ingefaseer sal word; die afsonderlike belasting van Swartes vanaf 1 Maart 1982 uitgefaseer sal word; en 'n wysiging aan die LBS-aftrekstelsel vanaf 1 Maart 1982 aangebring sal

word, waarvolgens individuele belastingbetalers met 'n belasbare inkomste van nie meer as R7 000 per jaar nie, daarvan vrygestel sal word om inkomstebelastingopgawes in te dien, mits sodanige inkomste uit salarisse en lone verkry word.

Die Poskantoorbegroting

Ten spyte van die uitwerking van die hoë inflasiekoers op die finansies van die Departement, is geen tariefverhogings deur die Minister van Pos- en Telekomunikasiewese aangekondig toe hy op 1 September 1981 sy Begroting vir 1981/82 aan die Parlement voorgelê het nie. Inkomste vir 1981/82 is op R1 282 miljoen, of 14 persent meer as in 1980/81, geraam terwyl bedryfsuitgawes na raming met 22 persent tot R1 188 miljoen sal styg. Nadat verskillende toewysings in aanmerking geneem is, word geraam dat R41 miljoen van die bedryfsurplus aangewend sal word om te help met die finansiering van die verwagte kapitaaluitgawes van R565 miljoen gedurende 1981/82. Na verwagting sal die oorblywende kapitaaluitgawes gefinansier word deur gebruik te maak van voorsienings vir die vervanging van vaste bates tot 'n bedrag van R166 miljoen, die benutting van 'n verwagte netto styging van R240 miljoen in die fondse wat by die Poskantoor se spaarskemas belê word, en deur die beskikbare kontantsaldo's met R118 miljoen te laat afneem. Die Minister het ook verhogings in die rentekoerse wat die Poskantoor op sy spaarbanksertifikate en spaarrekeninge aanbied, aangekondig.


Kapitaalmark

Besit aan langertermynfondse by nie-kontraktuele spaarinstellings

Die besit aan langertermynfondse by bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staat-spaarskemas het gedurende die tweede kwartaal met R1 130 miljoen, of ietwat meer as die kwartaallike gemiddelde van R1 100 miljoen vir 1980, toegeneem. Die grootste deel van hierdie toename het egter gedurende April voorgekom en is deur 'n aanmerklike verlangsamings gedurende Mei en Junie gevolg. Trouens, die besit aan langertermynfondse by bankinstellings het gedurende Mei skaars toegeneem en die bouverenigings het gedurende Junie geen netto invloed van nuwe fondse ondervind nie.

Die veranderings in die inname van nuwe fondse deur depositonemende instellings het met aktiewe mededinging om fondse gepaard gegaan. Die depositokoerse van bankinstellings is dienooreenkomstig in die tydperk van Mei tot Augustus met tussen 0,75 en 1,75 persent verhoog. Insgelyks is die rentekoerse op deposito's by bouverenigings in Junie met 'n verdere 0,5 tot 1,5 persent en op bouverenigingaandele in Augustus met soortgelyke marges verhoog.

Verandering in besit aan langertermynfondse




Groter bedrywigheid in mark vir vaste-rentedraende effekte

Verwagtings aangaande verdere stygings in langtermynrentekoerse gedurende 1980 en die eerste kwartaal van 1981 het tot 'n traagheid by beleggers om in vaste-rentedraende effekte te belê, gelei. Nadat langtermynrentekoerse tot meer realistiese vlakke gestyg het, het die meeste van hierdie verwagtings egter in die tweede kwartaal afgeneem en 'n rekord-bedrag aan nuwe kapitaal is in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem. Nuwe uitgiftes van effekte deur die openbare sektor, uitgesonderd die toename in die leners se besit aan hul eie effekte, het gedurende die tweede kwartaal R1 276 miljoen bedra, wat slegs effens laer as die totaal vir 1980 in sy geheel was. Boonop is 'n bedrag van R62 miljoen deur die private korporatiewe sektor in hierdie mark opgeneem. In die sekondêre mark het die waarde van genoteerde prima- en semi-prima-effekte wat in die tweede kwartaal verhandel is, R2 076 miljoen bedra, vergeleke met 'n kwartaallike gemiddelde van R1 055 miljoen in 1980.

Die opbrengskoerse op langtermyn-vaste-rentedraende effekte in die sekondêre mark, wat gedurende die laaste deel van Maart en in April 1981 effens afgeneem het, het gedurende Mei matig gestyg en in die daaropvolgende drie maande betreklik stabiel gebly. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 12,75 persent in Maart tot 13,05 persent in Mei en tot 13,10 persent in Augustus gestyg. Die ooreenstemmende toenames in die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op

Opbrengskoerse in sekondêre mark



langtermynsemi-prima effekte van die hoogste graad was van 12,93 persent tot 13,11 persent en 13,17 persent onderskeidelik. In teenstelling hiermee, het die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op maatskappyskuldbriewe van 14,02 persent in Maart tot 13,80 persent in Mei afgeneem voordat dit tot 14,27 persent in Augustus gestyg het.

Hervatting van afwaartse neiging in omset en pryse op die aandelemark

Die omset en pryse op die aandelemark, wat vanaf Oktober 1980 'n afwaartse koers gevolg het, het gedurende Maart en April tydelik herstel en gedurende Mei die ietwat hoër vlakke gehandhaaf. In Junie is die afwaartse neiging egter weer hervat. Die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is was in die tweede kwartaal van 1981 49 persent laer as in die derde kwartaal van verlede jaar, terwyl die aandelepryse in Julie gemiddeld 33 persent onder die hoogtepunt in September 1980 was. Die dalende neiging was opmerklik in alle klasse aandele; mynbou-aandele het die grootste en nywerheids- en handels-aandele die kleinste afname sedert die hoogtepunt in September getoon.

As gevolg van betreklik stabiele dividendbetalings, is die afname in aandelepryse gedurende Junie en Julie in 'n verdere toename in dividendopbrengskoerse weerspieël. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele wat van 4,75 persent in September verlede jaar tot 6,78 persent in Maart gestyg het, het in Julie verder tot 7,37 persent toegeneem.

Afname in nuwe verbandlenings deur bouverenigings

Met die oog op die dalende koers waarteen nuwe fondse ingevloei het, het die bouverenigings die nuwe verbandlenings wat deur hul toegestaan word, gedurende die tweede kwartaal selfs verder verminder. Die seisoensaangesuiwerde nuwe verbandlenings deur die bouverenigings toegestaan, het van 'n kwartaalgemiddelde van R1 150 miljoen in 1980 en 'n bedrag van R484 miljoen in die eerste kwartaal van 1981 tot R462 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem. Die seisoensaangesuiwerde nuwe verbandlenings uitbetaal, wat van 'n kwartaalgemiddelde van R1 050 miljoen in 1980 tot R1 304 miljoen in die eerste kwartaal van 1981 toegeneem het, het daarna tot R811 miljoen in die tweede kwartaal gedaal. Deur die uitbetalings op verbandlenings op 'n hoër vlak te handhaaf en die nuwe verbandlenings toegestaan te verminder, was die verenigings in staat om hul uitstaande leningsverplichtings van R1 635 miljoen aan die einde van 1980 tot R1 105 miljoen aan die einde van Maart en R831 miljoen aan die einde van Junie te verminder. Hul besit aan voorgeskrewe beleggings wat van R1 903 miljoen aan die einde van 1980 tot R1 598 miljoen aan die einde van Maart afgeneem het, het effens gestyg tot R1 676 miljoen aan die einde van Junie aangesien die invloei van nuwe fondse na die


verenigings gedurende die tweede kwartaal ietwat groter as die toename in hul uitstaande verbandlenings was.

Die bouverenigings se verbandkoerse is met 'n verdere 1 persent verhoog, vanaf 13 Augustus ten opsigte van nuwe lenings en vanaf 1 Oktober in die geval van bestaande lenings. Ná hierdie verhoging wissel die huisverbandkoerse van 12,25 tot 14,25 persent.

Neiging tot afplatting in transaksies in vaste eiendom

Nadat 'n hoër vlak in die vierde kwartaal van 1980 bereik is, het die toename in die waarde van transaksies in vaste eiendom gedurende die eerste kwartaal van 1981 afgeplat voordat dit tot 'n nuwe rekordvlak in die tweede kwartaal gestyg het. Die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies het in die tweede kwartaal R1 594 miljoen bedra vergeleke met onderskeidelik R1 510 miljoen en R1 537 miljoen in die voorafgaande kwartaal en die vierde kwartaal van 1980. Die koers van toename in hierdie transaksies het egter in die eerste helfte van 1981 'n opmerklieke verlangsamings getoon, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die algemene beskikbaarheid van fondse, insluitende nuwe verbandlenings deur bouverenigings, en die uitwerking van die hoër verbandkoerse en eiendomspryse op die vraag na vaste eiendom.

Mark vir vaste eiendom



Verklarings oor die Bankkoers en monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr Gerhard de Kock

23 Junie 1981

Gedurende die afgelope paar maande het die reële produksie, werkverskaffing en algemene ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika nie net hoog gebly nie maar voortgegaan om sterk uit te brei. Soos verwag is, het die koers van die reële ekonomiese groei gedaal vanaf die buitengewoon hoë syfer van bykans 8 persent wat in 1980 behaal is tot 'n jaarkoers van blykbaar ongeveer 4 tot 5 persent in 1981 tot dusver. Hierdie afname was egter hoofsaaklik die onvermydelike gevolg van fisiese beperkings - in die besonder die tekort aan geskoolde arbeid en die feit dat die grootste deel van die oorskotproduksiekapasiteit wat nog aan die begin van 1980 bestaan het, in die loop van daardie jaar geabsorbeer is. Die monetêre vraag, en veral die vaste investeringsbesteding, het voortgegaan om sterk te styg en het daardeur bygedra, nie slegs tot die vergelykenderwys hoë inflasiekoers nie - 15 persent tussen Mei 1980 en Mei 1981 volgens die verbruikersprysindeks - maar ook tot stygende invoer, die ontstaan van 'n matige tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans en 'n effektiewe depresiasië van die kommersiële rand teenoor alle ander geldeenheide van byna 4 persent sedert die begin van 1981.

Tot onlangs het hierdie oormatige druk van die vraag op die beskikbare hulpbronne met 'n buitengewoon hoë koers van toename in die geldvoorraad gepaard gegaan. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers bereken, het die breed gedefinieerde geldvoorraad (M2) in die derde kwartaal van 1980 met 41 persent, in die vierde kwartaal met 25 persent, en in die eerste vier maande van 1981 met 53 persent gestyg, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van 'n abnormale groot uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor. Alhoewel hierdie koerse van toename kunsmatig deur sogenaamde "herintermediasie", dit wil sê deur 'n terugswaai deur die banke van "finansiering-buite-die-balansstaat" na "finansiering-binnedie-balansstaat", opgeblaas is, was hulle duidelik buitensporig hoog en moes hulle in geen geringe mate nie tot die inflasie bygedra het. Bowendien sal hierdie buitensporige toename in die geldvoorraad, gegewe die tydsloerings wat normaalweg hierby betrokke is, waarskynlik in die maande wat voorlê voortgaan om 'n inflasionistiese invloed uit te oefen.

Onder hierdie omstandighede was dit een van die hoofdoelstellings van die amptelike anti-inflasionistiese beleid om die koerse van toename in bankkrediet en die geldvoorraad af te bring tot 'n vlak wat hoog genoeg sou wees om gesonde ekonomiese groei te bevorder maar nie so hoog dat dit voortgesette of versnelende inflasie sou veroorsaak of toelaat nie. Met hierdie doel voor oë het die monetêre owerhede van staatskuldbeheer, opemarktransaksies, herdiskonteringsbeleid en veranderinge in die Reserwebank se diskonto op termyndollars gebruik gemaak.

Hoewel daar nog geen gegewens beskikbaar is met betrekking tot die geldvoorraad in Mei en Junie nie, is daar nou duidelike tekens dat die huidige monetêre beleid begin het om sy invloed te laat geld. Soos in besprekings wat vroeër vanjaar tussen die Reserwebank en die banke gehou is, voorsien is, het die vinnige uitbreiding deur die banke van krediet aan die private sektor, in 'n stadium toe hul eie likwiede bates nie deur of die betalingsbalans of die Staat se finansiële bedrywigheide aangevul is nie, hul oorskot-besit aan likwiede bates bo die vereiste wetlike minimum in so 'n mate verminder dat hulle tans geen keuse het as om die tempo van hul uitleenbedrywigheide in te kort nie.

Aangesien die vraag na geld en krediet wat deur die bedrywigheid in die ekonomie geskep is, hoog gebly het, het hierdie veranderinge in die monetêre en banktoestand begryplikewys 'n skerp opwaartse beweging in rentekoerse, in die besonder in korttermynrentekoerse, teweeggebring. Ter erkenning van hierdie neiging het die Reserwebank sy Bankkoers op 3 Februarie 1981 van 7 na 8 persent en op 6 Mei 1981 van 8 na 9½ persent verhoog.

Sedert laasgenoemde datum het korttermynrentekoerse 'n aansienlike verdere styging getoon, soos deur die volgende voorbeelde aangedui word:

	Okt. 1980	Onmid- delik ná Bankkoers verhoging van 6 Mei 1981	22 Junie 1981
	%	%	%
Basiese daggeldkoers van die diskontohuise	4,55	8,60	9,50
Likwiede bankakseptse van drie maande	4,80	10,70	13,50
Nie-likwiede bankakseptse van drie maande	5,05	11,60	16,00
Effektiewe koste van finansiering d.m.v. likwiede bankakseptse van drie maande	±6,60	±12,50	15,20— 15,50
Verhandelbare deposito-sertifikate (drie maande)	4,80	11,70	16,00— 16,50
Skatkiswissel-tenderkoers .	4,66	8,69	9,16
Prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke . . .	9,50	13,00	13,00
Vaste deposito's van 6 maande by handelsbanke	6,00	12,00	16,00
Opbrengskoers op 3-jaar staatseffekte	6,00	10,00	11,25

Ooreenkomstig sy beleid om die Bankkoers so veel as moontlik markverwant te hou, het die Reserwebank derhalwe, ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, besluit om sy Bankkoers met ingang van 24 Junie 1981 van 9½ na 10½ persent te verhoog. Aannemende dat die verrekeningsbanke nou hul

prima oortrekkingskoerse van 13 na 14 persent sal verhoog, behoort dit meer gepaste onderlinge verhoudings tussen korttermynrentekoerse tot gevolg te hê.

Die Suid-Afrikaanse korttermynrentekoerse is nog steeds betreklik laag in vergelyking met koerse in die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Kanada en baie ander lande. In baie gevalle is hulle reël gesproke, dit wil sê nadat 'n aansuiwering vir inflasie gemaak is, in werklikheid nog steeds negatief. Die onlangse stygings in binnelandse koerse, wat noodwendig 'n weerspieëling is van die wisselwerking tussen die koers van monetêre uitbreiding en die vraag na geld en krediet, dien nietemin as 'n aanduiding dat die amptelike anti-inflasionistiese monetêre beleid begin het om sekere van die begeerde resultate te verwesenlik.

20 Julie 1981

Die Reserwebank het besluit om sy Bankkoers met ingang van 21 Julie 1981 van 10½ na 12½ persent te verhoog. Hierdie beslissing is geneem ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, die onlangse vergadering van die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister, en besprekings wat vandag met die belangrikste verrekeningsbanke gevoer is.

Ingevolge die bestaande verstandhouding tussen die verrekeningsbanke en die Reserwebank met betrekking tot die verband tussen die Bankkoers en die banke se prima oortrekkingskoers, sal laasgenoemde koers nou vermoedelik van 14 na 16 persent verhoog word. Daar is egter besluit dat die maksimum oortrekkingskoerse wat kragtens die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste voorgeskryf is, met inbegrip van die maksimum van 18 persent vir alle lenings wat R1 000 oorskry, onveranderd sal bly. Dit beteken dat die verwagte verhoging van die oortrekkingskoerse hoofsaaklik die groot maatskappye wat die status van "prima-leners" geniet, sal raak, aangesien die meeste ander leners alreeds vir 'n geruime tyd die hoër koerse betaal het en dus nie as gevolg van die jongste aanpassing van die Bankkoers enige verdere verhoging sal ondervind nie.

Die verrekeningsbanke het ook daartoe ingestem om hul vroeëre onderneming gestand te doen om te help om die rekord mielie-oes te finansier deur verhoogde bedrae aan krediet aan die Landbank te verleen teen 'n koers van 11½ persent. Die rentekoerse wat deur die Landbank in rekening gebring word, behoort derhalwe nie deur die nuwe Bankkoersverhoging geraak te word nie.

Terselfdertyd het die verrekeningsbanke te kenne gegee dat hulle in hierdie stadium geen rede sien om enige belangrike veranderings aan hul gewone "klein-handels"-depositokoerse, wat oor die afgelope paar maande alreeds aansienlik gestyg het, aan te bring nie. Die verhoging van die prima oortrekkingskoers behoort derhalwe weinig indien enige uitwerking te hê op die mededinging om kleinhandelsdeposito's tussen die banke en die bouverenigings.

Oor die afgelope paar weke het die kombinasie van 'n laer goudprys, wêreldwye resessieneigings en voortgesette hoë rentekoerse oorsee, in samewerking met 'n sterk vraag na krediet in die nog steeds baie lewenskragtige Suid-Afrikaanse ekonomie, uit die aard van die saak 'n vernouende invloed op die binnelandse finansiële markte uitgeoefen. Die verdere verhoging van die Bankkoers, en gevolglik ook van die prima oortrekkingskoers van die banke, is derhalwe gedeeltelik 'n tegniese aanpassing wat deur verdere stygings in ander korttermynkoerse noodsaaklik gemaak is. Dit is egter ook 'n logiese uitvloeisel van die huidige monetêre beleid wat nou begin het om sy doelstellings te verwesenlik, naamlik om die koers van toename in bankkrediet en in die geldvoorraad te verminder as 'n integrale deel van die totale anti-inflasionistiese beleid.